

1860 - 2010

Hoër Meisieskool La Rochelle Girls' High School



"SPEAK TO OUR DAUGHTERS THAT THEY GO FORWARD"

150 Jaar



en avant

# CONTENTS | INHOUDSOPGawe



Voorwoord .....	3	Mej. J.J. Meyer – La Rochelle Hoër Skool (1921 - 1947) .....	46
Die Paarl .....	5	Mej. A.C. Grundlingh – Meisieskool La Rochelle (1948 - 1962) .....	64
Vroeë onderwys aan die Kaapkolonie .....	7	Mej. D.C. le Roux – Hoër Meisieskool La Rochelle (1963 - 1991) .....	74
Mev. L.A. Hugo – Die Privaatskool van (1860's - 1872) .....	9	Mej. J.M. Longland – Hoër Meisieskool La Rochelle (1992 - 2001) .....	84
Prof. en mev. J.S. de Villiers – Ladies' Seminary (1872 - 1890) .....	10	Mej. A. Lochner – Hoër Meisieskool La Rochelle (2002 -).....	90
Hugenote Seminarie Wellington (1874) .....	12	150-Feesvieringe .....	99
Miss V.L. Pride – Huguenot Seminary Paarl (1890 - 1899) .....	13	Herinneringe .....	120
Mej. M.H. Cillié – Huguenot High School (1899 - 1912) .....	20	Donasies .....	146
La Rochelle Hogere School (1913 - 1921) .....	20	Bronnegids .....	148



OPGEDRA AAN  
ELKE DOGTER,  
OUER EN  
PERSONEELLID  
WAT  
LA ROCHELLE  
SE GANGE  
BEWANDEL  
HET.

Met die vooruitsig van die 150-jarige vieringe in 2010, het menige opinies en opmerkings my laat besef dat ek die skool 'n onreg aandoen as ons nie 'n gedenkboek uitgee nie. Mej. Marlene Goosen, voormalige Geskiedenis-onderwyseres, wat ook verantwoordelik was vir die fotobeeld van die koshuis se geskiedenis (en wat my ingelig hou met menige staaltjies uit die verlede), het ingestem om hierdie reusetaak op haar te neem.

Dit is met groot dankbaarheid dat ons terugkyk op hierdie projek en die uitnemende werk wat Marlene verrig het. Alle eer aan haar.

Amanda Lochner  
Skoolhoof

Vanjaar sal die 104de uitgawe van die Jaarblad die lig sien. Dit was oor die jare heen, nie alleen 'n skakel tussen oudleerlinge en die skool nie, maar het ook die veranderinge en verbeteringe, asook die gang van die geskiedenis van die skool en die land, weergegee. Vir die Eeu fees van die skool in 1960, het die toenmalige hoof, mej. A.C. Grundlingh, die geskiedenis deeglik nagevors en te boek gestel. Die oudleerlinge wat daardie Jaarblad bewaar het, besit 'n stukkie Africana!

Ons wou nie weer die geskiedenis volledig weergee nie, maar nadat ons gelees het dat mej. Meyer die wens uitgespreek het dat elke La Rochelle die 1960-Jaarblad moes kon besit, het ons besluit om die storie so volledig as moontlik weer te gee. Danksy die skool se argief met die volledige stel Jaarblaais vanaf 1906 en ou foto's aangevul uit die *Gibble-Versameling* van die Drakenstein Heemkring, kon ons die taak aanpak.

My dank aan oudleerlinge en onderwyseresse wat hulle herinneringe met ons gedeel het, asook aan Christi Els vir redigering; Lynette Neethling vir redigering en die finale voorbereiding van die manuskrip en Deon Goosen, vir die ontwikkeling van ou negatiewe tydens die versameling van inligting. Ook dank aan Lisbé Rossouw vir tekeninge.

To conclude with Miss Grundlingh's words: "*We look back in deep gratitude to God, who so richly blessed us, we are again impressed by the fact that the life of the school has thus far been characterised by the sheer joy of striving and moving forward . . . We thank all those who throughout the years have kept the vision of the accomplished deeds alive and the flame of idealism burning. May we go forward, ever ready to uphold the honour and ideals so loyally guarded by our predecessors; and may we in an uncertain and rapidly changing world hold fast to our heritage of so much that is noble and good and thus achieve our highest destiny.*"

Dit was vir my 'n voorreg om die navorsing te doen. My dank aan Amanda vir die vertroue wat sy in my gestel het. Mag La Rochelle met krag vooruitgaan.

Marlene Goosen



Amanda Lochner



Marlene Goosen

Editor:  
Marlene Goosen  
Technical Editor:  
Lynette Neethling  
Design & Production:  
VR Graphics  
Cover Design:  
Tomcat Advertising Agency  
Printing:  
Shumani Print World

# VOORWOORD

# DIE PRIVAATSKOOL VAN MEV. L.A. HUGO

## (ondersteunde skool)

**D**aar is geen absolute sekerheid omtrent die stigtingsdatum van die privaatskool van mev. Hugo nie. Geen geskrewe verslae uit dié tyd is te vind nie. Mej. A.C. Grundlingh, 'n vorige hoof, berig dat ten tyde van haar navorsing, mnr. S.P.H. de Villiers en inligting in Jaarblaaie, die jaartal as 1860 aangegee het. Ander inligting in Jaarblaaie het op 1861 gedui. Kennis van die dag en maand van die skool se stigting bestaan glad nie.

Mej. Grundlingh het daarin geslaag om 'n kleindogter van mev. Hugo, mej. Lucy Standen, op te spoor. Sy het die volgende vertel:

*"My grandmother, Louisa Adelaide du Buisson, was born on 29 August 1821 in Lambeth, London and was educated at a fashionable school at Brighton. In November 1838 she came to South Africa with her mother and sister on a ship called "The Mermaid". A terrible South Easter was blowing when they eventually reached Table Bay and they had great difficulty in landing. Granny used to tell us about the discomfort of a voyage in those days. The wooden ships were practically bare and passengers had to bring their own furniture and bedding. In the evening they had a little candle which was taken away soon after dark for fear of fire. Water was kept in wooden casks and was soon practically undrinkable. In addition to these inconveniences they were becalmed on the equator for three weeks."*

Louisa du Buisson het op 31 Januarie 1843 met Pieter Jan Ernst Hugo (\*03.03.18+ 23.09.1861)\* op Stellenbosch getrou. Hulle het nege kinders gehad, van wie sewe oorleef het. Hy was 'n vertaler in die magistraatskantoor en 'n goeie orrelis en musiekonderwyser. Saterdae het hy in die Paarl musieklesse kom gee, onder andere vir mev. De Villiers en later vir haar seun, J.S. de Villiers (Jan Orrelis). Vanaf 1837 tot 1847 het Hugo Sondae die orrel in die Strooidakkerk gespeel. (\*Geslagsregister van Ou Kaapse Families; De Villiers Pama, Deel 1, 1981 p.338.)

Mev. Hugo het die skooltjie in 'n groot, grasdak enkelverdiepinghuis, wat Jan Orrelis aan haar beskikbaar gestel het, geopen. Haar Victoriaanse opleiding in Engeland sou aan haar leerlinge oorgedra word en het *Reading, Writing and Arithmetic, Geography, History en Singing* insluit. Die dogters het ook geleer om naaldwerk te doen. Die medium van onderrig was Engels.

Volgens mej. Standen, was mev. Hugo die eerste persoon in die Paarl wat die gebruik van kerse verruil het vir 'n paraffienlamp, sodat byna almal in die Paarl die wonderwerk kom besigtig het!

Mev. Hugo en haar familie is in 1872 na Worcester, waar haar een dogter met 'n prokureur getroud was. Vanaf 1886 het sy by haar dogter in die Kaap ingewoon, waar sy in 1910, op nege-en-tachtigjarige ouderdom, oorlede is.



Louisa Adelaide Hugo (née du Buisson).

Mev. L.A. Hugo 1838 - 1867	1850	8ste Grensoorlog
1821 29 Augustus in Engeland gebore	1854	Kaapkolonie kry Verteenwoordigende Regering
1838 Land in SA	1856	Meester- & Knegetwet aangeneem
Kaap Britse Kolonie		Selfmoord Xhosas
Groot Trek	1858	Xhosas finaal oorwin
1840 Merino-skaapboerdery kom op dreef	1860	Prins Alfred besoek die Paarl
1843 Trou met P.J.E. Hugo	1863	Spoorlyn tot Wellington voltooi
Brittanje annekeer Natal	1867	Ontdekking diamante - Hopetown
Derdeklas-skole ingestel	1872	Verhuis na Worcester
1846 7de Grensoorlog (tot 1848)	1910	Sterf in Kaapstad
1849 Britse Bandietkwestie in Kaapstad		

# I 1860's-1872

# DIE *LADIES' SEMINARY* VAN PROF. EN MEV. J.S. DE VILLIERS

## Prof. J.S. de Villiers 1872 – 1890

1871	Goud ontdek
1872	Kaapse regering koop Kaapstad-Wellington spoorlyn
1875	Genootskap van Regte Afrikaners
1876	Die Afrikaanse Patriot verskyn
1877	ZAR deur Brittanje geanneksieer
1877	9de Grensoorlog (tot 1879)
1878	Zuid-Afrikaanse Boeren Beschermings Vereniging gestig
1879	Afrikanerbond in Kaapstad gestig
1880	Eerste Vryheidsoorlog in ZAR (tot 1881)
1880	De Beers Mynbou-Maatskappy gestig
1882	Hollands as tweede amptelike taal deur Parlement erken
1885	Kaapstad - Kimberley-spoorlyn voltooi
1890	Depressie begin Paarl Bank stort in duie Zuid-Afrikaanse Taalbond gestig

Jan Stephanus de Villiers is op 15 Maart 1827 in die Paarl gebore. Hy het in die Kaap studeer, waarna hy hom in die Paarl gevestig het as orrelis en musiekonderwyser. In 1847 volg hy Pieter Hugo op as orrelis van die Strooidakkerk, totdat die Noorder-Paarl Gemeente in 1875 gestig is, waar hy orrelis was tot 1902. In sy eerste jare as musiekonderwyser, het hy met sy perd, Blue Boy, van plek tot plek gery om les te gee by die huise van sy leerlinge. Een van sy leerlinge was Johanna Maria Wilhelmina van der Lingen, wat op 19 Maart 1834 gebore is. Hulle is op 9 Februarie 1852 getroud en het 13 kinders gehad.

In 1860 het die 15-jarige Prins Alfred die Paarl besoek. J.S. de Villiers het spesiaal ter ere van die belangrike gas "Prince Alfred's Grand March" gekomponeer, wat sy blaasorkes op Klapmuts gaan speel het om die gas te begroet. Die orkes was te perd, uitgedos in nuwe, blou uniforms, in die nuutste snit en met fluweel aan die moue en kraag versier.

Later het prof. De Villiers, soos hy toe genoem is, die *Philharmoniese Gezelschap*




Prof. J.S. de Villiers (middel agter) en mev. J. de Villiers 4de van regs in 2de ry met die kosgangers van die Ladies' Seminary.

gestig. Die ledetal het uitgebrei tot 120 en het oud en jonk ingesluit. Hierdie sangklas het eenmaal per week in die skoolgebou van die Zion-gemeente vergader omdat dit sentraal geleë was. In die begin is veral sekulêre musiek gesing, maar in later jare is dit vervang deur gewyde liedere en oratorio's. Na die totstandkoming van die in die *Ladies' Seminary*, het die oefeninge in

die skoolgebou plaasgevind. Die *Paarlse Philharmoniese Gezelskap* was wyd en syd bekend en het ook buite die Paarl opgetree. In 1880 is daar 'n gewyde konsert ter ere van 'n deputasie, onder leiding van President Paul Kruger, in die Paarl Gimnasiumsaal aangebied.

In 1872, met mev. Hugo se vertrek, het Jan en Johanna de Villiers die skool en

# I872-I890



Esperanza ("Hope") bought in 1896.

Die foto regs onder is in ongeveer 1906 geneem. Daar het nog nie skooldrag soos ons dit vandag ken, bestaan nie. Die dogter links voor op die foto het 'n voorskoot aan soos wat hulle in die skool gedra het om hulle klere te beskerm. Die foto is geneem op 'n stadium toe dit al aanvaarbaar vir dames was om met 'n fiets te ry.

# *La Rochelle Hoër Skool 1921 - 1947*



Mej. J.J. Meyer

Mej. Johanna Jacoba Meyer is op 4 November 1892 in die Paarl gebore. Sy was 'n leerling aan die Hoëskool Hugenote waar sy as leerling van mej. Cillié gematrikuleer het. In 1911 behaal sy haar B.A.-graad aan die Hugenote Kollege, Wellington. Na twee jaar se onderwys in Latyn en Geskiedenis aan die Hoër Meisieskool op Robertson, sluit sy in 1914 aan by mej. Cillié se personeel as Latyn en Afrikaanse Letterkunde onderwyseres.

Mej. Meyer het haar taak as hoof in Oktober 1921 begin. Teen 1922 was die skoolgebou te klein vir die 430 leerlinge (hoër- en laerskool saam), van wie 88 in die koshuis was. In dieselfde jaar is daar elektriese beligting in die hoëskool aangebring.


## Mej. J.J. Meyer 1921 - 1947

1922	Staking van mynwerkers
1925	Afrikaans word tweede amptelike taal
	Prins van Wallis besoek S.A.
1928	Unie kry eie vlag
1930	Stemreg vir vroue
1933	Die Bybel in Afrikaans
1935	Paarl skole vergader voor La Rochelle vir Uniedagviering
1936	Rykskou in Johannesburg
1936	<i>Die Stem van Suid-Afrika</i> Volkslied

1938	Eeufeesviering van die Groot Trek
	Hoeksteenlegging Voortrekkermonument
	Tweede Wêreldoorlog (3 September)
	250-jarige Herdenking Franse Hugenote na S.A.
1940	Stigting Reddingsdaadbond
1940	La Rochelle Jubileumfees (1890 – 1940)
1945	Eerste atoombom op Nagasaki
	Einde Tweede Wêreldoorlog
1946	Psalms en Gesange in Afrikaans
1947	Britse koningsgesin besoek S.A.



1924 personeel – In die 2de ry sit mej. E. Ralls 2de van links, mej. Meyer in die middel en mej. K. Dreyer 3de van regs.



1923

1958

Boek	geestelike waardes
Kasteel	La Rochelle in Frankryk
Fakkell	vir kennis en lig
Druive	belangrikste bedryf van omgewing
Leuse	<b>En Avant</b> (Voorwaarts)

# 1921-1947

## MOUNTAIN CLUB



### Uniform:

Gym costume, thick-soled, low-heeled shoes  
Linen hat with club badge.

On 13 August 1926 Mr Cameron & Dr Barnard of the Cape Town Branch of the Mountain Club came to Paarl on invitation of Miss Dix to address the public. They gave a most interesting and instructive lecture, illustrated with slides of the Drakenstein and Franschhoek Peaks. The result was that after general meetings it was decided to form the La Rochelle Mountain Club (L.R.M.C.), which was open to members of staff and girls over fifteen years of age. The object of the club was to encourage and foster a love of nature.

Anna Grundlingh (later to become the Principal of La Rochelle) was in Std 9. She wrote in the 1926 Annual: "On Saturday, the 28th of August our newly formed Mountain Club began its activities. We limited our first attempt to a half-day excursion, on account of the young aspirants, who were unaccustomed to strenuous exercise."

The sky was overcast and the day gloomy, but not sufficiently so to affect the spirits of our party, which set out at 2 p.m. sharp. We ascended Paarl Mountain by a path leading straight up; a dry smile would probably curve the lips of a "mountaineer" at the mention of this route, but it was quite steep enough to remind us that breath is precious. After a short halt at Mill stream, we continued our walk behind Paarl Rock, and through the valley between Britannia Rock and Gordon's Rock.

The majority of the party, including teachers in charge, happened to be favourably inclined towards the Latin language, so they amused themselves by trying to call this dead language, into life again, with what

success (excluding teachers), I shall not even whisper. It is probably due to this literary bent, that we lost the footpath leading to the "Ou Kraal", and consequently had to wade through a dense maze of shrubby undergrowth. We succeeded in finding the path again, but only after dire calamites had befallen various stocking legs; pins and stray threads of cotton were proof of this.

In spite of all obstacles we reached the "Ou Kraal", without a single audible grumble (I am not so sure about the unspoken ones), where each of us (except one abstainer) had a most refreshing cup of coffee. It was then about 5 o'clock, so in order to be back at six, we descended the mountain at a brisk pace, along a tortuous route, popularly known as one of the "three main routes" up the frequently explored Paarl Mountain.

As we passed down the Main Street, we had to thread our way through about three quarters of the spectators of the afternoon's football match. I shall not describe our general appearance, but our faces attracted much attention, because they were so brightly flushed – with the outdoor exercise, of course. This unlooked for finale, however, did not prevent us from voting the expedition a complete success."

### MEMBERSHIP CARD

I, the undersigned, promise to abide by the following rules drawn up by the Mountain Club of the La Rochelle High School. I promise:—

- (1) To keep fires under strict control at all times and to put them out before leaving camping or picnicing site.
- (2) To clean up camp or picnic spot before leaving.
- (3) To protect from ruthless picking or destruction all trees and flowers.
- (4) To prevent the pollution of streams.
- (5) To prevent the rolling down of stones.
- (6) To obey the official leader of an expedition.

Signature.....

# Meisieskool La Rochelle



Mej. A.C. Grundlingh

I948-I962

Mej. Anna Christina Grundlingh is op 21 Januarie 1909 op die plaas Nooitgedacht, in die distrik Elliot, gebore. Sy ontvang haar eerste onderrig, veral in Nederlands en Engels, van haar vader en gaan op nege jaar skool toe waar sy in st. I geplaas is. Op aanbeveling van haar st. 6-onderwyser word sy na La Rochelle gestuur, waar sy haar hele hoërskoolopleiding gehad het. Hierna het sy vyf jaar aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer en die M.A. en B.Educ. grade behaal.

Sy gee twee jaar onderwys aan die Nywerheidsskool op Standerton, doseer sewe jaar Afrikaans aan die Engels-medium Johannesburg Girls' High School en aanvaar na haar vader se dood, 'n betrekking as onderwyseres in Afrikaans aan die Hoëskool op Elliot, waar sy die volgende ses jaar werk, totdat sy die pos as hoof van La Rochelle aanvaar.

As hoof sou sy nie meer baie tyd vir haar belangstellings hê nie. Op Elliot het sy 'n hoenderboerdery gehad en daar was tyd vir musiek, boeke, bergklim, tuinwerk en tennis. Sy het vir haar 'n huis in die Paarl laat bou sodat haar moeder by haar kon kom woon.

#### Mej. A.C. Grundlingh 1948 – 1962

- 1948 NP wins elections
- 1949 Prohibition Mixed Marriages Act
- 1950 Militant Programme Action adopted at ANC Congress
- 1950 Population Registration, Immorality & Group Areas Act
- 1950 Suppression of Communism Act
- 1950 Bus boycotts on Reef
- 1951 Separate Representation of Voters' Bill
- 1952 Start of Reference Book for Africans
- 1952 ANC launches Defiance Campaign – Riots
- 1953 Separate Amenities Act
- 1953 Bantu Education Act
- 1954 H. Strijdom becomes Prime Minister – moves to expel Africans from Western Cape

Die personeellede het dadelik besef dat die nuwe hoof dinge goed gaan deurkyk. Deur 'n personeelfoto voor die tyd te bestudeer, het sy almal se name geken. Saam met haar was daar sewe nuwe personeellede, asook 'n klompie nuwe leerlinge, onder andere Christa le Roux, wat haar jare later as hoof sou opvolg. Clarice (née van Pletsen) Anderson, was toe in st. 10 en het mej. Grundlingh namens die leerlinge verwelkom.

In antwoord op haar verwelkoming, het mej. Grundlingh gesê dat almal moet handawers word van die belang en tradisies van hul skool. Sy wou as hoof 'n 3-punt ooreenkoms met die personeel en dogters aangaan. Sy het dit ten doel gestel dat daar samewerking, naastieliefde en die belangrikste, 'n erkenning van God in al hulle ondernemings, moes wees.

Op daardie stadium in 1948, was daar 382 leerlinge in die skool met 'n personeel van 24, waarvan ses musiek gegee het. Die beheerraade van die dagskool en koshuis het gevoel dat die administrasie te veel geword het vir een persoon om te hanteer. Mej. Meyer het dus nog 5½ jaar hoof van die koshuis gebly. Mej. Grundlingh se

- 1955 Sophiatown subjected to forced removals
- 1955 Freedom Charter adopted at Congress of the People
- 1956 Coloured people removed from voters' roll
- 1956 - 61 Treason Trial of 156 activists
- 1958 H.F. Verwoerd becomes Prime Minister
- 1959 P.A.C. formed
- 1960 - 61 State of Emergency declared
- 1960 Anti-Pass Law Campaign
- 1960 White Referendum to establish Republic
- 1961 Nelson Mandela proposes adoption of armed struggle
- 1962 Mandela receives guerilla training in Algeria – arrested on return  
(Reader's Digest Illustrated History of South Africa, 1992 pp. 368 - 369)

taak is bemoeilik omdat daar 'n geweldige verwisseling van personeel was en die baie nuwelinge moes touws gemaak word. Teen Augustus van 1948 het die Departement 'n deeltydse sekretaresse vir die hoof toegestaan.

Die jare 1948 – 1953 was besige jare met deelname aan verskeie feeste, soos die inwyding van die Hugenote Monument op Franschhoek (1950), die herdenking van die 75-jarige bestaan van die Noorder-Paarl Gemeente, die herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (1950) en uiteindelik, die Jan van Riebeeck-Fees in Kaapstad (1952). In 1949 & 1950 is geslaagde konserte gehou en in 1952 'n puik Liggaamsopvoeding-vertoning. Daar is ook drie geslaagde basaars (1949, 1951, 1953) gehou wat £3 016 vir die fondse van die hoër- & laerskool ingebring het. Gedurende hierdie ses jaar is daar steeds funksies en insamelings ten behoeve van liefdadigheid en ander verdienstelike sake gehou. Sulke bydraes het in die skool tradisie geword. Die ideaal om waardige vroue te help vorm, sou 'n groot leemte toon as die noodsaaklikheid van gawes aan minderbevoorregtes of aan kultuursake nie daadwerklik beoefen word nie.



Mej. A.C. Grundlingh (regs) in 1948 by twee van die 3 skoolhoofde wat haar voorafgegaan het: mej. J.J. Meyer links en mej. M.H. Cillié. Mej. V.L. Pride het in Kalifornië in die V.S.A. gewoon.

## Personnel 1948



Voor: Mej. J. Nel, M. de Villiers, N. Laubscher, M. Roos, A. Grundlingh (hoof), M. Münchmeyer, A. Baartman, H. Schwartz, Mev. A. Gericke.  
Middel: Mej. N. Mathie, S. Retief, J. Marais, C. Nel, Mev. L. Pieters, Mej. E. de Villiers, L. Mostert, R. Jordaan.  
Agter: Mej. H. Jackson, G. Bosman, A. Pauw, S. Botha, R. van Schalkwyk, A. Pieters, M. Oelofsen, G. Erasmus.

In hierdie tydperk het daar ook 'n hele paar mense, wat oor lang tydperke onskatbare dienste aan die skool gelewer het, hul bande losgemaak, onder andere mej. M.H. Cillié en van die Skoolkomiteelede, asook mej. J.J. Meyer.

In 1950 sluit 'n meneer (Agenbach) vir die eerste maal in die skool se geskiedenis voltyds by die personeel aan om Biologie te doseer.

In 1956 word 'n een-sessie skooldag op die proef gestel wat in 1957 'n blywende instelling in die Paarl geword het. Daar is ook in 1956 'n skoolfooi van 10/- per kwartaal per leerling ingestel

om die koste van bykomende dienste soos biblioteekboeke, klasvoordrag, skryfbehoeftes vir eksamens en sport te dek. In 1960 is die fook tot £1 per kwartaal verhoog.

Daar het na die Tweede Wêreldoorlog heelwat immigrante na Suid-Afrika gekom om 'n nuwe lewe te begin. Daar was dus heelwat immigrantedogters in die skool. In die 1957-inspeksierapport lees ons die volgende: "Die verskillende taalgroepes, wat ook heelwat immigrante insluit, verkeer gelukkig saam. Die mooi gesindheid tussen die personeel en leerlinge trek die aandag."

Die hoëskoolgebou het byna die hele erf beslaan waarop dit gebou is en die Raad van Trustees van die koshuis, het sedert 1940 'n stuk grond aan die skoolkomitee verhuur vir speelgrond vir die skool. 'n Versoek van die skoolkomitee in 1954 dat die Administrasie die gehuurde stuk grond, sowel as drie aangrensende tennisbane, van die Koshuis Trustees moes koop, het misluk.

In 1955 is die koshuis vergroot sodat nog 44 dogters gehuisves kon word. Daar was nou 'n addisionele studiesaal. Dogters is nou van Navarre en Esperanza na die Hoofgebou verskuif, waarna Esperanza gesloop is. Hierdie uitbreidings het £19 000 gekos.



Die koshuis in 1936 – Let daarop dat die agterste gedeelte van die koshuis enkelverdieping is. Die “irrigation reservoir” wat die inspekteur in 1912 na 'n swembad wou verander hê, is links op die foto te sien.




1955 – Die koshuis aan die agterkant na die aanbouings.

- A = Saal 1958
- B = Oudste deel 1902
- C = Uitbreiding 1924
- D = Uitbreiding 1958
- E = Huishoudkundekamers 1938
- F = Musiekblok 1958



Hoëskoolgeboue

## bouprojekte



Die vierkant van die koshuis na die aanbouings in 1955.

# Hoër Meisieskool La Rochelle



## Mej. J.M. Longland 1992 – 2001

- 1991-92 CODESA 1 & 2  
1992 La Rochelle becomes Model C School  
Whites-only Referendum  
Violence – Boipatong & Bishu  
Record of Understanding – ANC & NP main negotiators  
1993 Assassination Chris Hani  
APLA attack on church in Cape Town  
1994 First democratic elections (27 April)  
Introduction Government of National Unity  
1995 Truth & Reconciliation Commission  
1996 New Constitution accepted based on Freedom Charter  
De Klerk steps down as Deputy President  
1999 Euro monetary system established  
General election won by ANC  
Thabo Mbeki becomes 2nd President of RSA  
2000-01 Start of new millennium  
2001 *Jan Tiananmen* Square incident Beijing  
September 11 al-Qaeda attacks  
Twin Towers New York  
2nd South African National Census  
New National Party leaves Democratic Alliance  
Arms Deal Investigation.



## Mej. Johanna Longland

Mej. J.M. Longland is op Upington gebore en het groot geword op die plaas, *Naauwte*, aan die rand van die Kalahari. Sy het skool gegaan op Upington en is vandaar na die Universiteit van Pretoria. "As die jakarandas blom, verlang ek terug Pretoria toe en die laatmiddag donderstorms."

Haar eerste onderwyspos was by Oute-niqua op George en vandaar is sy na Mafeking. Sy kom in 1972 na die Paarl en word senior onderwyseres by La Rochelle. Later volg Departementshoof van Geskiedenis en Aardrykskunde. Sy het hoofsaaklik Aardrykskunde in kamer 8 onderrig. "*Die twintig jaar in kamer 8 was die wonderlikste jare van my onderwysloopbaan.*"

In 1985 word sy as adjunkhoof aangestel en in 1992 neem sy van Januarie tot Maart waar as hoof, waarna sy amptelik die hoof word.

## Me Johanna Longland onthou:

La Rochelle het in Januarie 1992 haar deure oopgemaak vir dogters van alle bevolkingsgroepe en hul inskakeling by die skool het sonder probleme verloop. Die feit dat ons ook 'n sogenaamde Model B-skool geword het, het veranderinge teweeggebring en die oorskakeling het meer pligte op ons skouers geplaas.

Vier maande later word ons 'n Model C-skool en neem alle finansiële pligte van die staat oor. Laasgenoemde het slegs die onderwysers se salarisse betaal. Dit het beteken dat skoolfonds verhoog moes word en dat ons administratiewe las nog groter geword het.

Op 1 Junie van dieselfde jaar word La Rochelle-koshuis 'n privaatinstelling en beland nog 'n verantwoordelikheid in ons skoot. Ons moes dus beide die skool en koshuis se begrotings bestuur, pryse beding en alles self finansier.

Aangesien ons toe ook die instandhouding van alle geboue en sportvelde oorgeneem het, kon ons, soos die geld dit toelaat, begin om die geboue en ander geriewe te restoureer en op te gradeer. Die koshuis is tot sy volle glorie herstel en bly steeds een van die mooiste *Art Deco*-geboue in die Paarl.

Later is Eendracht, wat in 1880 gebou is, ook gerestoureer. By die skool het ons die sekretariesse se kantoor geskuif en gemoderniseer, 'n sitkamer vir besoekers ingeruim en 'n media-kamer vir die personeel toegerus. 'n TV-kamer vir die leerlinge is in die ou personeelkamer inge-

Die klaskamers se vloere is geskuur en weer verseël en alle klaskamers is nuut geverf. Die Martha Cillié Biblioteek, voorportaal en skoolhoof se kantoor het 'n verjongingskuur ondergaan en met die nuwe mat op die Goue Trappe, beligting en nuwe kleurskema, lyk dit eerder na 'n statige huis en nie 'n skool se ingang nie.

La Rochelle is bevoorreg om goede sportgeriewe te hê, maar instandhouding is duur. Die nuwe oppervlaktes van die tennis- en netbalbane, die herstel van die hokkieveld en die byna daaglikske pyne van die swembad, is mettertyd aangespreek, veral wanneer die nood te hoog geword het!

'n Nuwe onderwysdepartement, die Wes-Kaap Onderwysdepartement, het in 1996 die bekende Kaaplandse Onderwysdepartement vervang. Vergaderings en werksessies saam met voorheen onbekende skoolhoofde en onderwysers van Paarl-Oos, het 'n alledaagse geword.

Die eerste Senior Sertifikaat-eksamen, wat deur alle leerlinge in die Wes-Kaap afgelê is, het ook nie altyd seepglad verloop nie. Ons leerlinge wat Rekeningkunde HG geneem het, se skrifte en punte het soek geraak en ons moes lank wag vir hul finale uitslae!

In dieselfde jaar het La Rochelle weer 'n staatskool geword en het die spook van rasionalisasie, bo-tallige onderwysers en vrywillige skeidingspakkette begin loop. Dit was soos 'n swaard wat oor ons kop gehang het en niemand het geweet waar en wanneer dit ons gaan tref nie. Eindeliik het ons 'n diensstaat vir die KS-op-

voeders (die onderwysers) ontvang en daarvolgens het ons vyf onderwysers te veel gehad.

Die Beheerraad kon onderwysers aanstel en vergoed, wat 'n verdere finansiële las op ons skouers geplaas het.

Ons het nie in sak en as gaan sit nie, maar begin om deeltydse onderwysers aan te stel, ons vakkeuse meer toeganklik te maak en semesterkursusse vir graad 8 en 9 in vakke soos Geskiedenis, Aardrykskunde en Algemene Wetenskap in te stel.

Die skooldag is tot 14:00 verleng en die kosgangers kon na periode vyf hul middagete gaan geniet. Buitemuurse bedrywighede kon dus net na skool begin en dagskoliere het by die skool gebly om byvoorbeeld sport te beoefen.

Rekenaarpraktyk is ook as ekstra vak ingestel en leerlinge het gedurende skoolure les ontvang.

Tik is met Rekenaartik vervang en die twee tik-lokale het een groot klaskamer geword. In die Junior-fase is vakke soos Tegnologie en Lewensoriëntering as twee van die agt leerareas ingevoer.

Die nuwe Skolewet het ook die samestelling van die skool se Beheerraad bepaal en vir die eerste keer het Nie-KS-opvoeders (koshuis-, skoonmaak- en administratiewe personeel) 'n verteenwoordiger op die Beheerraad gekry.

Die leerlinge, wat intussen leerders geword het, het ook inspraak gekry en 'n Verteenwoordigende Raad van Leerders moes vir alle grade verkies word. La Rochelle se leerders het 'n Studenteraad

gekies en twee van hulle het al die leerlinge op die Beheerraad verteenwoordig. Met die totstandkoming van 'n nuwe demokrasie in Suid-Afrika, het ons in 1994 die ou landsvlag tydens 'n kort seremonie vir die laaste keer gestryk en in die museum gebêre.

La Rochelle se leuse *Voorwaarts*, is uitgeleef en nie teenstaande al die veranderinge en onsekerhede, het ons voortgegaan om vir elke dogter die geleentheid te skep om haar volle potensiaal te bereik. Ons het voortgegaan met die oriënteringskamp vir graad 8-leerlinge en het

## Mej. Johanna Longland

ook 'n seminaar vir Matrieks ingestel. Dit word aan die einde van hul graad 11-jaar gehou.

Kampe vir skool- en koshuisprefekte, Opedae vir nuwe en voornemende leerlinge en die kroning van mej. La Rochelle tydens 'n modeparade, het instellings geword. La Rochelle het ook die eerste skool geword wat aan die Matrieks die geleentheid gebied het om hul afskeidsrrokke aan almal te vertoon.

Die 4M-Interskolebyeenkoms, waar die vier meisieskole op die atletiekbaan meeding, is in 1993 begin en is nou een van die hoogtepunte van die sportjaar.

Dogters wat op akademiese gebied presteer, word aan die begin van die nuwe jaar saam met hul ouers en A-

# Hoër Meisieskool La Rochelle

## 2002 –



Mej. Amanda Lochner.

### Mej. A. Lochner 2002 –

2002	Anti-aids drugs at all public hospitals Bomb explosion in Soweto and blast near Pretoria Right wing activists charged for treason
2003	Truth & Reconciliation Commission releases final report Walter Sisulu dies Government approves major anti HIV/Aids Treatment Programme
2004	3rd democratic elections won by ANC – Thabo Mbeki starts 2nd term as President Inkatha Freedom Party leader Buthelezi dropped from Cabinet
2005	Geographical Names Committee recommends name change for Pretoria to Tshwane Deputy President Zuma dismissed in aftermath of corruption case <i>SALT</i> in Sutherland, largest telescope in Southern Hemisphere inaugurated
2006	Problems with Koeberg Nuclear Power Station Koeberg nuclear Power Station disconnected from national power grid Zuma reinstated as Deputy President of ANC Corruption charges against Zuma dismissed South Africa selected as non-permanent member of Security Council of United Nations for 2007 - 2008 period
2007	South Africa becomes 1st African country & 5th in world to allow same-sex unions Helen Zille elected leader of Democratic Alliance Public sector strikes disrupt schools, hospitals, public transport Warrant of arrest for Jackie Selebi, President of Interpol & South Africa's National Police Commissioner
2008	Zuma elected President of ANC Wave of xenophobic attacks in townships President Mbeki resigns - ANC Deputy President Kgalema Motlanthe chosen by Parliament as President New political Party COPE (Congress of the People) launched in Bloemfontein
2009	State prosecutors drop case against Zuma ANC wins General Election Parliament elects Jacob Zuma as President Economy goes into recession Jill Marcus appointed Governor of South African Reserve Bank
2010	United Nations designates 2010 the International Year of Biodiversity and the International Year of the Youth Longest annual solar eclipse of the 3rd millennium South Africa hosts Fifa World Cup Tournament Civil servants stage nation-wide strike

Word groot as die oudste van 6 kinders in Vredenburg en later Wellington. Matrikuleer aan Hugenote Hoërskool en studeer aan P.U. vir C.H.O (nou Noordwes Universiteit). Verdere studies aan die Universiteit van Suid-Afrika. Na onderwysposte by Calitzdorp en Wolseley, word sy vir 10 jaar deel van die personeel van Hoërskool JG Meiring in Goodwood. Die invloed van die Du Toit-broers, Piet en Frans en ook die geleenthede wat mnr. André van der Merwe, skoolhoof, geskep het, sien sy as vormend vir latere leiersposisies. In Junie 1992 word sy aangestel as adjunkhoof by die Hoër Meisieskool La Rochelle en volg in Januarie 2002 mej. Johanna Longland op as skoolhoof. Mnr. Wolfie Ratz word in Oktober 2002 as adjunkhoof aangestel.

### Mej. Amanda Lochner vertel:

Met my koms na La Rochelle in Junie 1992 as adjunkhoof en Skeinat- en Wiskunde-onderwyseres, het ek nooit gedink dat jare se geschiedenis en tradisies van 'n skool, my gewone passie vir onderwys sou omskakel in 'n emosionele verbintenis nie. Skoolhou by La Rochelle het nie meer 'n werk geword nie, maar 'n liefde.

Die eerste paar maande was vir my 'n vuurdoop, maar die dogters het my oorrompel - soveel so, dat ek nou 'n vurige profeet van enkelgeslag-hoërskole is!

In my eerste jaar as skoolhoof het ek ook my eerste trane in die onderwys beleef – die oggend na ons vir die eerste keer in 10 jaar, ons heel eerste 4M Interskole-Atletiek-oorwinning behaal het! Nie soseer oor die wen nie, maar oor die feit dat elke Larrie met TROTS in die dorp kon rondloop!

Die bydrae, ondersteuning en lojaliteit van die personeel loop soos 'n goue draad deur die sukses van La Rochelle. Iemand het een dag opgemerk dat daar skole is waar leerders se talente uitgebuit word, maar by La Rochelle word die leerders ontwikkel. Wat 'n kompliment! Ek bring hulde aan die personeel wat oor die dekade 'n bydrae gelewer het en saam met my die pad loop.

Wat 'n voorreg is dit nie vir die skoolbestuurspan om die personeel eenmaal 'n jaar te bederf met 'n spanbousessie nie: 'n Familie-kamp, pedikure, 'n bootrit in Houtbaai na Robbe-eiland, 'n kooksessie aangebied deur die Gasvryheidstudieklas, wynproe-uitstappies en 'n filmvertoning, *As it is in Heaven*, op Franschhoek, is maar 'n paar daarvan. Na sulke ekskursies is dit heerlik om die nuwe energie by almal te sien.

Mej. Johanna Longland het na 'n tyd my daarop gewys dat die woorde "julle" wat ek so graag gebruik het, verander het na "ons"! Alle eer aan haar wat my liefgemaak het vir die tradisionele, maar ook die vryheid gegee het om nuwe dinge te probeer. Deur haar oë het ek respek en bewondering vir die voormalige skoolhoofde gekry en die besondere plek wat hul ingeneem het in hul tydperk. By die herlees van die Jaarblad van 2005, het ek weer onder die besef gekom wat elke skoolhoof die hoof moes bied. Die verslae van mej. D.C. le Roux en mev. Johanna Heydenrych (née Longland) duif op hul vasberadenheid om die veranderings as uitdagings te sien. Vandag kyk ons terug op die suksesse wat hulle en die ander hoofde behaal het.

*"High School years are critical in the development of young women. My education in an all-girls' high school prepared me academically, gave me opportunities for leadership and public speaking, and above all, taught me how to live in a community."* Helen Prejeon (Author of *Dead Man Walking: A New York Times* Bestseller and *Pulitzer Prize* nominee)

Soortgelyke woorde eggo nog steeds in gesprekke met oud-leerlinge. 'n Paar jaar gelede, tydens 'n reünie, het ek die oudleerlinge só beskou. Vir my (afkomstig van 'n ko-ed skool) het die opgewondenheid van die groepe, die lag en gesels my onwillekeurig die vraag laat vra, wat maak hulle hier? Wat motiveer oudleerlinge om na jare terug te keer na 'n samekoms by La Rochelle? 'n Verteenwoordiger van elke groep het spontaan opgestaan en hulde gebring aan die onderwysers, die etos van die skool, die waarde van

vriendskappe gesluit en vele meer. Ons het saam besluit dat soos e-posse, sms'e, *My Space* en *Facebook* kommunikasie onomkeerbaar verander het (waar Teenagers in Screenagers verander het!), só het die leefwêreld van die skool ook verander – struktureel, finansieel, kultureel en kurrikulêr. Die band wat ons egter blymekaar hou, is die vermoë om verandering te hanteer en 'n waardering vir die passie wat na 150 jaar steeds in La Rochelle teenwoordig is! Meer as genoeg rede vir elke geslag om hul kinders terug te stuur na die moederskip!

*According to an unknown source: Many resist change – perhaps even fear it – but the best ones know change brings opportunities, and they seize them.*

In a demographic society, where the emphasis is increasingly humanitarian, the challenges in our schools are becoming more demanding. It is interesting that at the same time, single-sex schools are extremely popular and more and more people wish to become part of this system. The competition on the outside, however, is severe, and it requires enormous hard work and perseverance in order to maintain and improve existing standards.

Hier in La Rochelle bly dit egter ons doelwit dat elke dogter TROTS en OPGEWONDE sal wees om skool toe te kom. Dat sy haar eie identiteit sal behou, maar ook só sal ontwikkel dat sy as volwasse jong dame haar plek ná skool sal volstaan in die gemeenskap, haar werkplek en familie. Ons sien ook die uniekheid van die Hoër Meisieskool La Rochelle in die diversiteit van ons dogters; in die eie-aard van ons skool en in die handhawing van uitnemendheid.

Ons leuse, EN AVANT, is 'n bewys dat La Rochelle nie slegs terugkyk op 'n roemryke verlede nie, maar ook vol vertroue vooruit gaan in die vorming van dogters wat toegerus is om die uitdagings van die toekoms te aanvaar.

*Tom Hanks said, "A single sex all girls' school may not be for every young woman. Just for those who one day want to rule the world!"*



## Johanna Longland Learning Centre



TOP: Headgirl, Jocelyn Hellig. MIDDLE: Mr Gerhard Kroukamp, Mrs Johanna Heydenrych, Miss Amanda Lochner & Adv. André Gaum (Minister of Education of the Western Cape), BOTTOM: Anelle Steyn, Mrs J. Heydenrych, Leigh de Groot, Anke Groenewald and Pammi Hellig.

## Die volgende wil ek graag uitsonder as hoogtepunte:

Vind 'n volledige uiteensetting van gebeure en prestasies in die jaarverslae en ander artikels in die onderskeie Jaarblaasie.

In 2002 kry die Martha Cillié Biblioteek 'n tweede vlak by en die Johanna Longland Leersentrum word op 29 Mei ingewy deur die Wes-Kaapse Minister van Onderwys, adv. André Gaum.

Die Kers- en Dankdiens word 'n jaarlikse instelling.

Musiekblyspele word 'n twee-jaarlikse instelling en in 2002 word *Grease* aangebied. Dit word opgevolg met *The Sound of Music* (2004), *Ek loop die pad* (2006), *High School Musical* (2008) en *La Collage, 'n Blik op La Rochelle* se geskiedenis, in 2010. Onder leiding van mev. Lientjie Olivier en mede-personeel, word elke aanbieding 'n platform vir die ongekende talent in La Rochelle.

In 2002 wen La Rochelle vir die eerste keer die 4M Interskole-Atletiek-byeenkoms tussen La Rochelle, Hoë Meisieskool Paarl, Hoë Meisieskool Bloemhof en Rhenish Girls' High School wat op Coetzenburg aangebied is. Die prestasie word in 2003 en 2004 herhaal.



Mr Wolfie Ratz (Deputy Principal).



2002 – Winners of 4M: Nicole Marais (Captain) & Candice Botha (Vice-Captain).



*La Rochelle 150*

Geregistreer deur die Hoër- en Laerskool tydens die 150-Viering. Die roos is gekweek deur *Ludwig's Roses*.

# Hoofde



In 1983 skryf mej. A.C. Grundlingh (1948 - 1962),  
*In Herinneringe aan Gister*, die volgende:

By herinneringe aan gister, dink 'n mens aan 'n paar buitengewone La Rochelle-mense wat hoof en hart en lewe aan die skool gewy het.

Daar was mej. Mattie Kriel, wat nou 93 jaar oud is en inwoner is van *Huis Zerilda Steyn*. In 1932 het haar Sub B-klassie (soos een outjie skryf) "mos 'n afféretjie gehad. Ons het baie geld gemaak. Van die geld wil ons 'n skildery koop van mn. Hugo Naude ... dit moet met ons saamgaan tot Matriek." En nog 'n outjie, "We want to buy a beautiful picture of all the sunshine and a lot of little flowers and colour just like outside. We gave a "to-do" and made £4.4.6." Die skildery – 'n lente-toneel by Darling – versier vandag die biblioteek. Dis 'n mooi herinnering aan mej. Kriel wat 'n "blommeweelde" aan die skool geskenk het.

Daar was die onvergeetlike mn. S.P.H. de Villiers, met sy statige houding en lang snor wat ver aan weerskante van sy gesig afgehang het. Hy het homself graag *the Lord Mayor of Paarl* genoem en hy was glo ook lid van die ou Kaapse Parlement. Vir La Rochelle was hy "Oom Seppie" en het hy vir korter of langer tydperke sedert 1893 altesame 57 jaar in een of ander hoedanigheid op 'n komitee van die skool gedien. Hy was veral 'n steunpilaar by boubedrywighede en finansies. In sy 94ste jaar kon hy nog fier en sterk ons Eeu feesvierings in 1960 bywoon. Hy is in 1867 gebore en is in 1967, 'n week na sy 100ste verjaardag oorlede. Oom Seppie en mej. Cillié, albei sterk persoonlikhede, het nie altyd oor alles saamgestem nie. Na sy 100ste verjaardag – 'n mylpaal wat mej Cillié net nie gehaal het nie – het hy met 'n vonkel in die oog gesê: "Wanneer ek nou daarbo vir Martha Cillié ontmoet, sal ek vir haar sê: 'Sien jy nou, Martha, ek het tog gewen.'"

En dan was daar God's gentlewoman, La Rochelle se mej. Kitty Dreyer. Sy was altesame 45 jaar aan die skool verbonde. Die huidige hoof skryf na haar dood in 1973: "Nie die lengte van haar dienstydperk nie, maar die kwaliteit daarvan, maak dit vir ons moeilik om ons hulde in woorde weer te gee." Haar aansteeklike geesdrif in die Nederlands en Afrikaanse taal- en letterkunde-klasse, het ons eenvoudig meegeleer. Selfs daar in die twintigerjare, toe Afrikaans maar nog gestruikel en gespartel het, het sy 'n onblusbare blywende liefde en waardering vir ons taal laat wortelskiet. Haar klasse het dan ook etlike bekende

skryfsters opgelewer. Ook as mens het sy soos 'n koninginmoeder onder ons beweeg – met haar liefde, (soms streng) begrip, toewyding en ware godsvrug. Haar Bybelstudiekringe was 'n belewenis. Hoe sien ek haar nog met haar drafstappie en die enorme bolla van blonde vleg-sels op haar agterkop. Sy was altyd ons vriendin en 'n dogter was vir haar baie keer "*my kind*".

As mej. Dreyer ons koninginmoeder was, was mej. Münchmeyer (ons Münchie) die prinses. Sy was haar hele onderwysloopbaan vanaf 1928 tot 1963 aan La Rochelle verbonde. Haar vakke was Duits en Geskiedenis. Sy was baie jare onderhoof en veral die raadgeefster van die Leerlingraad. In 1947 het sy die skool se Erekode opgestel – 'n kode wat talle oud-La Rochellers dwarsdeur ons land en ook in die buiteland, uitgedra het. "Ons strewe daarna om te bou en te werk in die krag van die Heer ... Ons strewe daarna om ons voor te berei om waarlige vroue te word tot diens van volk en vaderland." Sy het jarelank die administrasie van die Oudleerlingbond behartig en vir drie skoolhoofde was sy "*n steunpilaar, 'n bron van krag en inspirasie*." Sy was een van die grotes in die geskiedenis van die skool, 'n sieraad as mens, onderwyseres en vriendin. Sy sal nooit die omvang van die vrug op haar arbeid kan skat nie. Op 26 Augustus 1979 is sy in 'n motorongeluk beseer en is twee dae later oorlede. Ek haal verder die huidige hoof aan. "La Rochelle se vlae het halfstok gehang, ons skoolkoor het met weemoed by die roudiens in die Duitse Kerk gesing en ons, wat haar geken het, se harte het gebloeい by die afskeid, maar groter as ons smart, is ons dankbaarheid, want 'Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is groter en ver meer as korale.'"

Daar is nog baie ander wat 'n baie lang tyd aan La Rochelle verbonde was of nog is – vir hulle is daar ander herinneringsdatums meer onlangs as 1960. Aan oudleerlinge is daar ook tallose herinneringe verbonde. Hulle is te vind in elke eerbare beroep wat vir vroue oop is – baie volg die beroepe gelyktydig met dié van vrou en moeder. Daar is duisende van hulle. Ek wil maar net sê dat baie van hulle in die herinnering van hulle skoolhoofde leef en dat ons trots is op hulle.

## Boodskap van mej. Christa le Roux (1963 – 1991)

Die *Grande Dame* van Faurestraat (ja, sommer van die hele Paarl!) is 150 jaar oud! Ons salueer haar! Wat 'n voorreg om haar geluk te wens met hierdie besondere verjaardag wat min skole in ons land al



bereik het! Toe mev. Louisa Hugo in 1860 met haar private skooltjie begin het, kon sy sekerlik nie droom dat daar, ná 150, jaar 'n groot, baie bekende meisieskool op dieselfde terrein sou staan nie.

Duisende dogters het al deur die hekke van ons skool gestap. Ek stel my voor dat, as al die oudleerders en huidige leerders 'n enkelry aan weerskante van Faurestraat tot in die Hoofstraat sou vorm en dan verdeel, sodat die een groep na Suider-Paarl en die ander groep na Noorder-Paarl beweeg, die rye kilometers ver sou strek tot by die uithoek van die Paarl – simbolies daarvan dat dogters deur die jare heen, van oor die hele land na La Rochelle gekom het en steeds kom. Hier is hulle voorberei vir die lewe, nie net op akademiese, kulturele en sportgebied nie, maar ook wat betref karakterbou en die vorming van volwasse persoonlikhede. Sommige het buitengewone prestasies behaal, maar baie het bloot as gewone burgeresse, tuisteskeppers en moeders 'n groot bydrae tot die samelewing gelewer.

Honderde personeellede het met oopoffering en toewyding hulle taak verrig en diep spore in die lewens van talle jong dames getrap. Ons huldig hulle!

Ons kyk egter nie net na die verlede nie, maar ook na die toekoms en ons koester hoë verwagtings. Mag daar gedurende die volgende vyftig jaar en nog langer, steeds talle dogters wees wat na die "klein rots" sal kom om kennis op te doen, maar ook om geestelik gevorm te word. Mag daar gebeitel word aan hulle karaktere, sodat hulle die skool kan verlaat as dames wat hulle plek sal kan volstaan en ware sierade sal wees vir hulle onmiddellike omgewing, sowel as vir die land as geheel. Mag hulle steeds met oortuiging kan sing:

*"Ons strewe is voorwaarts, ons doel hoog gestel,  
Soet klink ons die naam La Rochelle, La Rochelle."*

Om ons leerders te kan voorberei vir die lewe, het ons bekwame en toegewyde leerkrakte nodig. Mag daar altyd onderwyseresse wees wat aangevuur word deur hoë ideale, mense vir wie die onderwys nie net 'n werk is nie, maar 'n roeping in die ware sin van die woord, mense wie se ideale, entoesiasme en doelgerigtheid, sowel as bereidwilligheid om te dien, hulle sal aanspoor om saam met die leerders La Rochelle se leuse "*En Avant*" uit te lewe.

Mag daar altyd skoolhoofde wees wat bereid is om hulle hele lewe in diens van die skool te stel, want van hulle algehele oorgawe aan hulle taak, hang die sukses en vooruitgang van die skool in 'n hoë mate af.

Mag die voorbeeld van toegewyde hoofde soos mej. M.H. Cillié en J.J. Meyer vir hulle as inspirasie dien.

Mag almal verbonde aan La Rochelle die woorde van ons skool-psalm (Ps.115) onthou:

*"Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie,  
Maar aan U Naam kom die eer toe,  
Want dit is U wat liefde en trou bewys."*

In the words of Miss Grundlingh: "May we go forward ever ready to uphold the honour and ideals so loyally guarded by our predecessors; and may we, in an uncertain and rapidly changing world hold fast to our heritage of so much that is noble and good and thus achieve our highest destiny."

### *Herinneringe*

#### **Johanna Heydenrych (Longland) (1972 - 2001)**

Om 'n feesboodskap vir 'n skool te skryf wat nie alleen een van die oudste skole in die land is nie, maar ook een van die top skole in Suid-Afrika is, is geen geringe taak nie. Ons moet hulde bring aan mev. Louisa Hugo en prof. en mev. De Villiers, wat 'n skool vir meisies begin het in 'n tyd toe onderwys in die Paarl beperk was tot die Gimnasium vir seuns. Dit moes moed en durf gekos het. Ons eer hulle daarvoor en dat hulle nooit moed opgegee het nie, selfs nie toe die finansies begin lol het nie. Hulle het by ds. Andrew Murray gaan aanklop en hy het die skool verder geneem.

As ons vanjaar fees vier, dan moet ons ook stilstaan by onderwyseresse wat 'n blywende indruk op ons gemaak het. In die 70's, toe ek by La Rochelle gekom het, was daar dames wie se hele lewe om die skool en die dogters gedraai het. Hulle het meer as hul vak onderrig en as ons teruggink, onthou ons meer as die vakinhoud.

Mej. Johanna Meyer, afgetrede skoolhoof, het in Thomstraat gewoon en menige warm somersmiddag was sy en die tuinhulp besig om die koshuis se groentetuyn te bewerk! Later het sy na *Huis Vergenoegd* verhuis en steeds was sy die formidabele vrou wat La Rochelle se belangte op die hart gedra het en die oudleerlinge daar in die aftreecoord en soms vir ons ook, georganiseer het. Sy het altyd haar hare in die middedorp laat doen en daarheen gestap. Al ons aanbiedings om haar per motor te kom haal, is van die hand gewys. Haar opvolger, mej. Christa le Roux, se werkywer en presiesheid was vir ons almal 'n



# *Ons blom in La Rochelle*

Skool en koshuispersoneel en leerders van 2010.



LA ROCHELLE

